
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

Written Messages can be sent to us via **WhatsApp** on : **079 067 2984**

E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com/ Web: stangerchristiancentre.com

You are now able to read and download all our books , previous newsletters and listen to Dr James van Zyl ministering on our website :
www.stangerchristiancentre.com

AS MY WOORDE IN JULLE BLY

Jesus het vir Sy Dissipels in Joh. 15:7 gesê **As julle in My bly EN MY WOORDE IN JULLE, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit verkry.** Jy sê jy kan iets nie doen nie, en die oomblik toe jy dit gesê het was jy verslaan. Hy het ook in Matt. 12:34 verduidelik ..... **Want uit die oorvloed van die hart PRAAT DIE MOND**. Ons lees ook in Josua 1:8 **Hierdie wetboek** (die Woord van die Here) **mag nie uit jou Mond wyk nie .... want dan sal jy in jou weë voorspoedig wees, en dan sal jy met goeie gevolg handel.** Lees asseblief hierdie drie skrifverse weer want hulle is baie belangrik vir ons geestelike groei!

Jy sê jy het nie geloof nie, en daardie oomblik het twyfel soos ‘n groot reus verrys en jou gebind. Dis tyd dat jy weer opnuut sal besef dat jy tot ‘n baie groot mate beheers word deur JOU WOORDE. Jy het die taal van mislukking gepraat, want hulle bepaal wat eintlik in jou verstand is, en mislukking was jou voorland. Jy het die taal van vrees gepraat, en vrees het sy koue greep om jou stywer gemaak. Salomo het gesê: **(Jy is) verstrik in die woorde van jou mond: gevang deur die woorde van jou mond** (Spr. 6:2)

Ons woorde is a bewys van dit wat ons in ons verstand en gedagtes glo en Christene besef steeds nie die belangrikheid van die woorde van hulle mond in hulle lewens nie. Elke keer wanneer die woord bely gebruik word, dink hulle outomaties aan die belydenis van sonde, swakheid en mislukking. Maar dis net die negatiewe sy van die saak. Die negatiewe belydenis van jou sonde was net om die deur te open tot die positiewe belydenis van die ganse Woord van die Here. Daar is niks belangriker in jou lewenswandel as ‘n gelowige as dit wat jy glo, en jou belydenis nie, alhoewel dit so bitter min aandag kry in die Kerk. Christelikheid word genoem DIE BELYDENIS volgens Heb. 3:1 (Engels: confession) Die Griekse Woord waar hierdie woord van afgelei is beteken letterlik: om dieselfde ding te sê. Dit beteken: om te sê wat die Here sê. Dit beteken om saam te stem met die Here in jou getuienis. Met ander woorde, om te sê wat God sê in Sy Woord oor jou sonde, jou siekte, jou skynbare mislukkings, jou gesondheid, jou redding, jou oorwinning of enige iets anders in jou lewe. Jy moet GLO en GETUIG of erken wat die Here sê. Die stryd in jou tussen die Woord en Satan word gedurig in jou bewussyn of gedagtes gevoer en net jy het die keuse om daarop te reageer.

BELYDENIS IN MOEILIKE OMSTANDIGHEDE

Kom ons gebruik ‘n voorbeeld. Siekte neem toe in jou liggaam en jou gesondheid is besig om ag-

teruit te gaan. Siekte – simptome word meer. Satan begeer om jou gesondheid te vernietig en om jou onbekwaam te maak vir die Here se diens. Maar die Here het voorsiening gemaak vir jou gesondheid. Hy het met jou 'n genesingsverbond gesluit. Hy het belowe: **En julle moet die Here julle God dien …. En Ek sal siektes uit jou midde verwyder (Ex 23:25), want Hy het belowe: Ek is die Here wat jou gesond maak (Ex. 15:26**) Die Woord sê: **(Hy) wat al jou krankhede genees** (Ps. 103:3) Jesus Christus het jou vrygemaak van sonde en van al jou siekte, want Hy het ons krankhede op Hom geneem en ONS siektes gedra (Matt. 8:17) toe Hy wreed gegesel was (Mark. 15:16 tot 20, Matt. 27:26, Joh. 19:1) en daarom, deur wie se wonde julle genees is. (1 Pet. 2:24) Al hierdie kennis voorsien 'n basis vir jou geloof. Jy weet satan kan nie siekte op jou liggaam plaas nie, want Christus het reeds jou siektes vir jou gedra – in jou plek het Hy dit gedoen.

Daarom moet jy satan en al sy leuen-simptome weerstaan! Jy is nie bang vir hulle nie. Jy WEET jou verlossing is 'n onomstootlike feit. Jy WEET dat jou siektes op Christus se Liggaam gelê was en dat Hy hulle in jou plek gedra het. Jy vrees glad nie! Met vrymoedigheid en standvastigheid bestraf jy Satan, jou vyand, met die Woord, in die Naam van Jesus Christus wie gesterf het om jou VRY te maak. Neem 'n ferme houding in.

Doen presies wat jou voorbeeld, Christus, gedoen het toe **Satan** Hom in die woestyn versoek het. Sê vir hom: Satan, daar is geskrywe. Dan kwoteer jy vir hom die Woord: **Deur Sy wonde is EK genees. Hy het al MY krankhede genees. Christus Self het al MY siektes gedra en MY krankhede op Hom geneem.**

Om te bely is om te sê wat die Here in Sy Woord sê – om die taal van die Bybel te praat ten alle tye. Dit is om die duiwel te weerstaan met so sê die Here. Dit is om jou regte toe te eien by die Troon van Genade, die Here se Woord te bely. Wat Sy beloftes is. Soos ek voorheen gesê het is die letterlike betekenis van die Griekse woord wat met ons woord confession (belydenis) vertaal is, om dieselfde ding te sê, of om met die Here saam te stem in jou gesprekke; om die Woord te erken. Stel jou voor 'n vriend besoek jou wanneer jou geloof getoets word en stel voor: O, jy moet tog versigtig wees. Ek weet van iemand wat dood is van hierdie siekte.

Maar jy praat die Here se taal, want JY GLO WAT Hy Sê. **Glo** Sy Woorde en gebruik Sy Woorde met jou lippe, in jou gesprekke. Jy bely met vrymoedigheid: die Here is my sterkte, vir wie sal ek vrees? Christus het my siektes gedra aan die Kruis en deur Sy Wonde is ek klaar genees. (2 Pet 1:4) Onder alle omstandighede, ten alle tyd, praat jy die Here se Taal. Jy bring jou taal en jou gedagtes in harmonie met Syne. Sy gesindheid soos dit uiteengesit word in Sy Woord word in jou lewe ontwikkel totdat Satan glad nie meer daarteen kan stand in neem nie, want die Woord het deel geword van jou eie lewe en natuur Jy word net so onomstootlik soos die Here weens Sy Woord wat nou jou gebede, jou woorde, jou gedagtes en jou dade beheers. Belydenis is om iets te bevestig wat jy GLO. Dit is om te getuig van iets wat jy WEET. Dit is om te getuig van 'n waarheid waarmee jy jouself VEREENSELWIG. Die Woord is die eksklusiewe onderwerp van jou belydenis, van jou getuienis. Jesus het beplan dat hierdie belangrike boodskap van die Christendom aan die wêreld gebring moet word deur die getuienis en deur die belydenis van diegene wat in Hom glo. Getuies en belyers was die groot leiers en verkondigers van die nuwe rewolusionêre lewe van Jesus Christus (Christendom) in die wêreld. Die groot probleem wat ons dus in die gesig staar is om te **weet** wat ons moet bely: bloot die Woord, ten ALLE tye. Al is omstandighede hoe vyandig, ons moet onder ALLE omstandighede die Here se Woord bely. Belydenis – **is om Bybelwaarhede te bevestig. Belydenis is om met ons eie lippe (uit ons harte) te herhaal die dinge wat God in Sy Woord gesê het.**

MOENIE VREES NIE!

Kyk die lewe vreesloos in die gesig. Jy weet dat Hy wat in jou is groter is as die magte wat teen jou kan saamgesnoer word. Jy sit meet rekeninge wat jy nie kan betaal nie. Jy het vyande wat jy glad nie kan oorwin nie. Jy kyk alles vreesloos aan. Jy roep triomfantlik uit: **Die Here berei die tafel voor my teenoor my teëstanders** (Psl 23:5) Jy is gevul met vreugde en oorwinning want die Here het jou probleme oorgeneem. Hy veg vir jou. Jy vrees nie omstandighede nie, **want jy is tot alles in staat deur Christus wat jou liefhet.** (Fil. 4:13) Hy is nie net jou sterkte nie, maar Hy is aan jou sy. Hy is jou redding. Vir wie sal jy vrees? Hy werp lig op die lewe se probleme sodat jy intelligent daarteenoor kan op tree. Hy is jou verlossing en vrymaking van elke val wat die vyand vir jou stel, en elke strik waarin hy jou wil vasbind. **Die Here is my Lig en my Heil: vir wie sou ek vrees? (Psl. 27:1)**

Jy vrees glad geen ding nie. Jy het geen vrees nie want die Here is aan jou kant. DIT MOET JOU BELYDENIS WEES.

'N Verkeerde belydenis is die van verslaenheid, mislukking en van Satan se opperheerskappy. Om van jou stryd met die duiwel te praat – hoe hy jou verhinder, jou gebonde hou en siek hou – is 'n belydenis van mislukking. Dit is 'n verkeerde belydenis. Dit verheerlik jou vyand. Dit is 'n onbewustelike belydenis dat jou Hemelse Vader jou in die steek gelaat het. Die meeste belydenisse wat ons vandag hoor, verheerlik die duiwel. So 'n belydenis trek voortdurend die lewe uit jou uit. Dit vernietig geloof en hou jou gevange. DIE BELYDENIS VAN JOU LIPPE, WAT UIT DIE GELOOF IN JOU HART GEGROEI HET, SAL DIE VYAND VERSLAAN IN ELKE STRYD.

Die belydenis van Satan se vermoë om jou te verhinder om suksesvol te wees, gee hom die voordeel oor jou. Hy vul jou dan met vrees en swakheid. Maar as jy onbeskaamd en openlik jou Vader se besorgdheid en beskerming bely, en verklaar dat Hy wat in jou is groter is as enige mag rondom jou, sal jy uitstyg bokant sataniese invloede. Elke keer as jy jou twyfel en vrees bely, bely jy jou geloof in die satan en verloën die vermoë en genade van God, Wanneer jy jou swakheid en jou siekte bely, bely jy openlik dat die Woord van die Here nie waar is nie en dat God hierdie keer misluk het. God verklaar: **Deur Sy Woorde is julle genees; en Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra (Matt 8:17).**

In plaas van te bely dat Hy ons siekte en krankhede gedra het en ons vrygemaak het daarvan, bely jy dat jy hulle nog het en neem die getuienis van die natuurlike omstandighede aan, in plaas van. die getuienis van die Woord van die Here. Op hierdie wyse, misluk jy. Solank as jy glo en jy vashou aan die belydenis van swakheid, siekte en pyn, sal jy daardie goed hê. Jy sal miskien vir jare soek na 'n Godsman om vir jou die vurige gebed van die geloof te bid, maar dit sal niks help nie, want jou ongeloof sal die resultate van daardie gebed vernietig, deur middel van. jou negatiewe gedagtes en woorde.

Die persoon wat altyd getuig van sy sonde en swakhede, bou swakheid, mislukking en verslaenheid in sy eie liggaam en gees in. LEES DIE WOORD. PRAAT DIE WOORD. DOEN DIE WOORD, EN DIE WOORD SAL 'N INTEGRALE DEELVAN JOU WORD. GOD SE WOORD SAL JOU TONG EN GEVOLGLIK JOU LEWE VERANDER.

Baie groot dankie

Ons bly verstom en ewig dankbaar vir wat ons Hemelse Vader in ons midde doen. Hy is meer as genoeg en onderhou Sy werk soos ons onsself beskikbaar stel.

Dankie aan elkeen van julle vir julle donasies, dit is 'n seën vir so baie. Mag julle op elke gebied oorvloedig geseën word.

Liefdegroete
Meg van Zyl en die span

Bankbesonderhede:
Stanger Christelike Sentrum
FNB
acc 53730091667
tik: huidige/tjek
tak: 220129

UIT ONS KANTOOR

Geliefdes in Jesus,


Het jy vandag ‘n wonderwerk van God nodig? Ons lees in **Joh. 11:40: Jesus sê vir haar: Het Ek nie vir jou gesê, as jy glo, sal jy die heerlikheid van God sien nie?** God, wie die Skelfsee gekloof het, manna uit die hemel laat reën het, wat veroorsaak het dat die mure van Jerigo geval het, die leeus se bekke gesluit het, die siekes genees het, dooies opgewek het en die storm op die see stil gemaak het, doen vandag nog steeds wonderwerke. Tog twyfel sommige Christene dat God vir hulle vandag ‘n wonderwerk wil doen. Hulle glo dat daar wonderwerke was toe Jesus op die aarde gewandel het, maar hulle glo dat die tyd van wonderwerke verby is. Hulle praat hoe alles eendag in die hiernamaals volmaak sal wees.

God wil egter hê dat ons moet weet dat Hy steeds vandag die God van wonderwerke is. Martha was soos een van daardie Christene. Sy het gewonder of Jesus ‘n wonderwerk kon doen toe haar broer Lasarus gesterf het. Teen die tyd toe Jesus op die toneel verskyn het, was Lasarus reeds vier dae dood. Dus het sy gedink dat Jesus vier dae te laat was. Dit is waarom sy gesê het: “Here, as U hier gewees het, sou my broer nie gesterf het nie” (Joh.11;21). Selfs toe Jesus gesê het dat Lasarus weer sou opstaan, het sy gesê: “Ek weet dat hy sal opstaan in die opstanding in die laaste dag” (Joh.11:24). Martha het geglo dat Jesus wonderwerke in die verlede kon doen en dieselfde in die toekoms kon doen, maar sy het nie geglo dat Hy ’n wonderwerk vir haar kon gee toe sy dit op daardie oomblik nodig gehad het nie. Jy sien, Martha was iemand wat met die wens geleef het dat die verlede verander kon word en geglo het dat die toekoms beter sou wees. Sy het egter nie geglo dat die “Ek Is” daar was om in haar huidige behoefte voorsien nie. Vandag staan God op die punt van jou behoefte. Wat se wonderwerk het jy van Hom nodig? Glo dat Hy steeds vandag nog dieselfde wonderwerkende God is. Glo dat jy die heerlikheid van God sal sien. Glo en jy sal jou wonderwerke sien.

Baie dankie, diep uit ons harte, vir jul kosbare liefde, gebede en ondersteuning vir die Here se werk hier vanuit die Stanger Christelike Sentrum, wat ons in staat stel om siele te wen en dissipels te maak vir God se Koninkryk. Wees verseker van ons gebede en liefde vir elkeen van julle spesiale persone vir God en vir ons! Ons bid dat God julle Sy wonderwerke sal laat ondervind!

Liefde groete

Meg Van Zyl en die Gebedspan



WHAT DID DAVID SEE - Part One

Pastor David Gericke

I would like to share this story with you that is extra-Biblical. It is about David's mother who is not named in the Scriptures.

Save me, O God, for the waters threaten to engulf me . . . I am wearied by my calling out, and my throat is dry. I've lost hope in waiting . . . More numerous than the hairs on my head are those who hate me without reason . . . Must I then repay what I have not stolen? Mighty are those who would cut me down, who are my enemies without cause . . . O God, You know my folly, and my unintended wrongs are not hidden from You . . . It is for Your sake that I have borne disgrace, that humiliation covers my face. I have become a stranger to my brothers, an alien to my mother's sons. Out of envy for Your House, they ravaged me; the disgraces of those who revile You have fallen upon me . . . Those who sit by the gate talk about me. I am the taunt of drunkards . . . Disgrace breaks my heart, and I am left deathly sick. I hope for solace, but there is none; and for someone to comfort me, but I find no one. They put gall into my meal, and give me vinegar to quench my thirst . . . (Psalm 69.TLN)

This psalm describes the life of a person who is despised and an outcast individual, who has no friend to comfort him, who is crying out of a tormented spirit, having experienced humiliation and disgrace, without cause. He is surrounded by enemies who wish to cut him down; even his own brothers are strangers to him, ravaging and reviling him.

This is the voice of David, righteous and beloved servant of God, feared and held in reverence by all. David had many challenges throughout his life. But at what point did this great individual feel so alone, so disgraced, and so undeserving of love and friendship?

What caused David to be rejected by his own brothers ("I have become a stranger to my brothers"), by those who sat in judgment at the gates ("those who sit by the gate talk about me") and even by those who were drunkards ("I am the taunt of drunkards")? What had David done to arouse such hostility and contempt?

In this Psalm, David passionately shares the testimony of the burdens he carried from his earliest childhood until he was crowned king of Israel by Samuel the prophet. David was born into the family of Jesse; it is believed that he served as the head of the Sanhedrin. David was the youngest in his family, which included seven brothers. Yet, when David was born, he was rejected by his family! As David writes in the psalm, "I was a stranger to my brothers, a foreigner to my mother's sons . . . they put gall in my meal and gave me vinegar to quench my thirst."(69:21)

Only one person throughout David's youth felt a deep and unconditional love for the child. This was his mother, Nitzevet bat Adael, who felt the pain and rejection as her own.

Why was the young David so reviled by his brothers and neighbors? To understand this, we need to seek out the extra Biblical records that throw light on this subject and really help us to understand what could be written between the lines. This is found in the "Midrashim" (a mode of Biblical interpretation prominent in the Talmudic literature).

We read David's father, Jesse, was the grandson of Boaz and Ruth. After several years of marriage to his wife, Nitzevet, and after having several children, Jesse began to have doubts about his ancestry. His grandmother Ruth was a convert from the nation of Moab, as related in the book of Ruth.

During Ruth's lifetime, many individuals were doubtful about the legitimacy of her marriage to Boaz. The Law specifically forbids an Israelite to marry a Moabite convert, since this is the nation

that cruelly refused the Jewish people passage through their land, or food and drink to purchase, when they wandered in the desert after being freed from Egypt. (This law exempts female Moabite converts, not well known at the time.)

Jesse believed that his status was questionable. He was not permitted to remain married to his wife, an Israelite. He decided the only solution would be to separate from her, no longer engaging in marital relations. It is believed that his children were aware of this separation.

As time passed, Jesse longed for a child whose ancestry would be unquestionable. His plan was to marry his Canaanite maidservant. This maidservant was aware of the dilemma her mistress faced. She understood Nitzevet pain in being separated from her husband for so many years. This empathetic maidservant secretly approached Nitzevet and suggested to her “switch places with me tonight”. Nitzevet took the place of her maidservant. That night, Nitzevet conceived, and Jesse remained unaware of the switch. (Ps 51:5)

After three months, Nitzevet’s pregnancy became obvious. Angrily, her sons wanted to kill their apparently adulterous mother and the “illegitimate” child that she carried. Nitzevet, for her part, would not embarrass her husband by revealing the truth of what had occurred.

From the time of Davids birth, he was treated by his brothers as an outcast not only by his brothers but the community as well.

If something was lost or stolen, he was accused as the natural culprit, and ordered, in the words of the psalm, to “repay what I have not stolen.”(69:4)

Eventually, the entire lineage of Jesse was questioned, as well as the basis of the original law of the Moabite convert. People claimed that all the positive qualities of Boaz became manifest in Jesse and his illustrious seven sons, while all the negative character traits from Ruth the Moabite clung to this despicable youngest son.

We are first introduced to David when the prophet Samuel is commanded to go to Bethlehem to anoint a new king, to replace the rejected King Saul.

Samuel arrives in Bethlehem, and the elders of the city come out to greet him, nervous at this unusual and unexpected visit, since the elderly prophet had stopped circulating throughout the land.

Samuel declared, however, that he had come in peace, and requested the elders, Jesse, and his sons, to join him for a sacrificial feast.

When they came, Samuel saw Eliab (Jesse’s oldest son), and he thought, “Surely God’s anointed stands before Him!” But God said to Samuel, “Don’t look at his appearance or his great height, for I have rejected him. God does not see with mere eyes, like a man does. God sees the heart!” Then Jesse called Abinadab (his second son) and made him pass before Samuel. He said: “God did not choose this one either.” Jesse made Shimea pass, and Samuel said, “God has not chosen this one either.” Jesse had his seven sons pass before Samuel. Samuel said to Jesse, “God has not chosen any of them.” At last Samuel said to Jesse, “Are there no lads remaining?” He answered, “A small one is left; he is taking care of the sheep.” So, Samuel said to him, “Send for him and have him brought; we will not eat until he comes here.” So he sent for him and had him brought. He was of ruddy complexion with red hair, beautiful eyes, and handsome to look at. God said: “Rise up, anoint him, for this is the one!” (I Samuel 16:6–12.TLN)

As Samuel laid his eyes on Jesse’s eldest son, he was certain that this was the future king of Israel. Tall, handsome and distinguished, Eliab was the one whom Samuel was ready to anoint, until God reprimanded Samuel to look not at the outside but at the inside.

No longer did Samuel make any assumptions of his own, but he waited to be told who was to become the next king. All the seven sons of Jesse had passed before Samuel, and none of them were chosen.

“Are these all the lads?” Samuel asked. Samuel prophetically chose his words carefully. Had he asked if these were all Jesse’s sons, Jesse would have answered yes, there were no more of his sons, since David was not given the status of a son. (as he was believed to be illegitimate).

Instead, Jesse answered, “A small one is left; he is taking care of the sheep.” David’s status was small in Jesse’ eyes. He was probably hoping that Samuel would allow David to remain where he was, out of trouble, tending to the sheep in the faraway pastures.

But Samuel ordered that David immediately be brought to the feast. A messenger was sent to summon David.

As David arrived, Samuel saw a man “of ruddy complexion, with red hair, beautiful eyes, and handsome to look at.” David’s physical appearance alludes to the differing aspects of his personality. His ruddiness suggests a warlike nature, while his eyes and general appearance indicate kindness and strength.

God commanded Samuel, “My anointed one is standing before you. Arise and anoint David without delay! For he is the one I have chosen!”

As Samuel anointed David, the sound of weeping could be heard from outside the great hall. It was the voice of Nitzevet, David’s only supporter and solitary source of comfort.

Her years of silence in the face of humiliation were finally ending. Finally, the anguish and humiliation that she and her son had borne would cease.

King David would have many more trials to face until he was acknowledged by the entire nation as the new king to replace Saul.

God blessed David with many talents and qualities that would assist him in accomplishing the tremendous achievements of his lifetime.

But it was undoubtedly from his mother that the young David absorbed the fortitude and courage to face his adversaries. From the moment he was born, and during his most tender years, it was Nitzevet who, by example, taught him the essential lesson of valuing every individual’s dignity and refraining from embarrassing another, regardless of the personal consequences. It was she who displayed a silent but stoic bravery and dignity in the face of the gravest hardship.

It is from Nitzevet that King David learnt inner strength, and confidence, to disregard the callous treatment of the world and find consolation in the comfort of His God. It was this strength that would strengthen David to defeat his staunchest antagonists and his most treacherous enemies, as he valiantly fought against the mightiest warriors on behalf of his people.

Rather than succumbing to his afflictions, and rather than becoming the individual who was shunned by his tormentors, David learned from his mother to stand firm and courageous by faith in his God and His Word.

The psalms composed by David in his greatest hours of need describe his suffering and heartaches, as well as his faith and repentance. The book of Psalms gives a voice to each of us, and has become the balm to soothe all of our wounds, as we too encounter the many personal and communal hardships of life.

I share all this with you to highlight a few points:

First, women hold and have an incredible influence over their children. They have been given an awesome responsibility by God not only in the miracle of giving birth, but to teach and be an example of love, Godliness and discipleship to their children! Never, never underestimate your value and importance to the family or Church community!

Second, we must not become victims of our situation and circumstances. We can and should always with God's help rise above them, because He has made us more than conquerors! (Rom 8:37) there will be giants in our walk with the Lord, our children and family may reject us and cast us aside. But God will never reject you or cast you aside. We are told that while we were still sinners Christ died for us! (Rom 5:8). Why was David the apple of Gods eye? Because he never stopped trusting in his God, no matter what was before him! Yes, he stumbled and fell. He was not perfect; it was his heart which delighted in His God!

Third, we see good ideas can be bad decisions. (Prov 14:12) There is a way that seems right to a man, but it ends in death. We need to be swayed directed and conditioned by Gods Word, as the Spirit directs. 2 Cor 3:6 … the letter kills, but the spirit gives life.

Fourth, we as believers need to "Fight the good fight of Faith" (1Tim 6:12). Nehemiah encouraged the Israelites to have a sword in one hand and a trowel in the other hand. (Neh 4:17) I think this is good Godly advice for us today. But, let me encourage you to use the right tool for the purpose that it was designed to do! If you are trying to build, then we need to appropriately use the right tool. If we are in Spiritual warfare, then we use the sword. We can't build with a sword. It is not designed for that purpose. It will slow down the work and even hinder the building prosses. The same with the trowel. It's not designed for combat and will do you no good in the battle.

Gal 6:9 So let's not get tired of doing what is good. At just the right time we will reap a harvest of blessings if we don't give up. (NLT).

Translation:

NLT: New Living Translation

TLN: The Living Nach Translation, a popular modern translation of the Tanakh.



THE FOLLOWING **AUDIO BOOKS** ARE NOW AVAILABLE ON OUR WEBSITE
(Click to view)

‘n Suksesvolle Huwelik
Bybelse Antwoord oor Genesing
Besluite
Die Krag van Vergifnis
Die egte en die misleide Christelike Kerk
Die Naam van ons God
Goddelike Wysheid vir die Mens
Die Feestye van die Here
Ken Jou Vyand
Die Tweesnydende Swaard
God Eis ‘n Heilige Lewe
Hoe belangrik is die Ou Testament
Getuienisse—Volume 1
Die Bybel en siektes
Geloof soos n Mosterdsaad
Paulus se doring in die vlees
Hoe moet ek Bid
Israel of Ishmael
Geloofsbrood vir die Somer
Hoe kan ek verlos word van vrees?
Die Vrou na God se Hart
Stap vir Stap
Slaankrag in Lofprysinge
Vanaf Eden tot by die Kruis
Vas en Gebed
Wat is die gevare oor Karate
Wat is die New Age
Wat Verwag God van die Huisgesin?
Geloofsbrood vir die Winter
Die Groot Verleier
Getuienisse—Volume 1
Getuienisse—Volume 2
Getuienisse—Volume 3

Oorwinning Oor Depressie
Wat is die ware Bybelse Geloof
Laat God Siekte Toe
Ondervind die Heilige Gees
Waarom sommige nie genees word nie
Wat sê die Woord van God oor die Doop?
Hoe kan ek die duiwel se aanvalle oorwin
Wie veroorsaak rampe en siektes
Soldaat wees vir Jesus
Waarom Die Bybel Die Enigste Woord Van God Is
God Will Jou Genees

